# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 09:00

## Wonderbaar in ons oë

**Skriflesing:**
Matteus 21:33-46
(2020)

**Teksvers:**
Matteus 21:42-44

**Sing:**
Ps 84:1,2
Ps 31:5,15,17
Ps 118:9,11
Sb 2-4:1,3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

'n Gelykenis is meer as net 'n mooi, opgemaakte storie. Dit is 'n beeld wat gebruik word om 'n dieper betekenis van die lewe te verduidelik. Gelykenis beteken soortgelyk, of dieselfde. Dit is nie soos Simson se raaisel nie, maar eerder 'n beskrywing wat iets meer duidelik stel.

Tog is daar iets van 'n geheimenis wat daarin versluier is. Jesus het veral gelykenisse gebruik om verskillende aspekte van sy koms te verduidelik sodat gelowiges kan verstaan wat Hy bedoel.

Ons staan vanoggend stil by die gelykenis van die landbouers en die verduideliking uit Psalm 118 as die vervulling van die Skrifte.

## S O N D A G A A N D 18:00

## Sinlose Sirkel of Sinvolle Lyn?

**Skriflesing:**
Prediker 3
Galasiers 4:1-7
(2020)

**Teksvers:**
Prediker 3:1,2,11

**Sing:**
Lied 159:1,2,3
Lied 89:3,17
Lied 118:12,14
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Die Prediker redeneer vanuit die ongeloofs-perspektief as hy sug dat alles sinneloos en tevergeefs is. So redeneer hy ook in hoofstuk 3 dat die lewe net 'n wisselspel tussen kom en gaan en 'n eentonige herhaling van homself is. Hy het selfs plesier en lag ondersoek as oplossing vir die dolle gejaag na nêrens (Pred 2).

Omdat hy eintlik 'n gelowige is kan hy egter nie anders nie as om reeds vroeg in sy skrywe te laat uitglip dat daar eintlik sin is in hierdie sikliese, byna sinlose herhaling van die lewe.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 50 Nr 18 18 Mei 2025**


# 'N JUBEL LEWE TOEGEWY AAN GOD

'n Lewe toegewy aan God - 'n begrip wat ons maklik vir onsself toeëien. Ek dink elkeen van ons as gelowiges streef tog op een of ander manier na 'n lewe toegewy aan die Here, al is dit soms bitter moeilik. Want die vraag is, waar en hoe pas ek die Here in my dag tot dag lewe in. Tussen ons werk, kinders se skool en na-skool programme is daar nie veel gesinstyd, tyd vir onsself, tyd vir vriende, en dan ook maar min tyd vir die Here. Op die manier kan ons beswaarlik sê dat ons, ons lewe toegewyd aan God.

Die Here gee ons egter in 2 Pet 1: 3-8 duidelike riglyne oor hoe Hy wil dat ons geestelik moet groei om toegewyd aan Hom te lewe :

- *Span jou in om altyd God se wil na te jaag – maar om dit te kan doen:.*
- *Moet jy sy Woord goed ken (om Sy wil raak te sien);*
- *Lewe met selfbeheersing - Moenie dat sondige begeertes jou onderkry nie.*
- *Wees standvastig - Hou aan glo, onder alle omstandighede.*
- *Maak God se Naam groot in alles wat jy doen.*
- *Dra ander gelowiges altyd op die hande – bewys liefde aan alle mense.*

Om toegewyd aan die Here te leef, moet Hy ons eerste prioriteit wees – die werklikheid is dat ons prioriteite gereeld agterstevoor is. Dit behoort iets as volg te lyk:

1. God (my verhouding met God).
2. My huwelik / gesin.
3. Rus / persoonlike dinge (soos sport en stokperdjies).
4. My werk.

Dis min of meer hoe dit in die meeste mense se lewensideale lyk. Maar kom dit in die praktyk, dan is die teenoorgestelde die werklikheid. Ons probeer die Here hier en daar in te pas tussen die verloop van 'n normale dag.

God verwag egter van ons om Hom eerste te stel en die res van ons lewens, met al ons verpligtinge en verantwoordelikhede, te rig en te bestuur rondom Hom, as kernpunt in ons lewe. Op die manier is die Here se wil deel van hoe jy besigheid doen, omgaan met mense, besluite neem – en hoe jy oor die algemeen teen jou naaste optree.

Kom ons begin in hierdie jubeljaar om God weer eerste te stel, deur 'n lewe toegewy aan Hom - deur ons lig te laat skyn, te getuig deur die manier hoe ons leef, om so Sy liefde en hoop uit te straal.

Oudl Renier vd Merwe

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614** Basdenlaan 226
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00* Lyttelton
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 10, Ps 84-1:1 Volgende week: Les 11, Ps 84-1:1

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

### KOLLEKTES

| | |
|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Kerklike tydskrifte** (by die deure) |
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerkkas** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# Feesnaweekprogram



## Vrydag, 30 Mei

**Kleuters & kinders**
Verjaardagpartytjie
Kontak: Sanmari 071 485 5995

## Saterdag, 31 Mei

**Jubeldinee**

- 18:00
- R100 pp (driegang maaltyd)
- Drag: Deftig
- Kaartjies beskikbaar by Susters/ Kerkkantoor



Kontak: Erna Olivier 082 332 2118



**Tieners & Jongmense**
Braai hamburgers en kuier saam.
Kontak: Petri Pienaar 082 561 8300

## Sondagoggend, 1 Junie

Gemeente se 50ste verjaarsdag.
**Nagmaal,** Koek & tee na die erediens.

## Sondagaand, 1 Junie



**Jubelklanke**
Die naweek word afgesluit deur die Here te loof met sang en musiek.
Kontak: Corlia van Biljon 072 922 3393

# Jubeldinee

Kom vier die Gereformeerde Kerk Centurion se 50ste verjaarsdag

31 | Mei | 2025

18:00

Kleredrag: Deftig

## R100 per persoon

Betaal jou kaartjie voor 18 Mei met jou naam en wyk as verwysing.

Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Bring jou bewys van betaling en kom haal jou kaartjie af by die Kerkkantoor of onder die Olyfboom.



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18 Mei | Jaco | Pretorius | B17 | 0836915894 |
| | Louis | Trichardt | A17 | 0823886001 |
| | Cobus | v Niekerk | C06 | 0737498353 |
| 19 Mei | Engeli | Kok | C13 | 0828562614 |
| 20 Mei | Lenie | Buys | C12 | 0823734185 |
| | Hennie | vd Vyver | B08 | 0844240421 |
| | Madelle | Venter | B17 | 0728007454 |
| 21 Mei | Pat | Hammond | C07 | 0683674052 |
| | Petra | Terblanché | B02 | 0799388359 |
| | Leenster | van Wyk | B15 | 0766487423 |
| 22 Mei | Tonie | vd Bijl | C13 | 0848122660 |
| | Sanet | Venter | C13 | 0833021062 |
| 24 Mei | Elma | Faber | C07 | 0845481859 |
| | Jaun | Kok | C13 | 0645105704 |
| | Paul | Roux | A11 | 0832518582 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18 Mei | Leandri | vd Walt | A05 | 0795174273 |
| | Marcel | Wattel | A12 | 0720439489 |
| 20 Mei | Dieter | Bye | C05 | 0798063325 |
| 24 Mei | Janco | vd Walt | C15 | 0725229529 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Ruzanna vd Merwe (Kulikyan) ondergaan die week 'n operasie (E01—072 372 2279).
- Charlaine Kruger sterk tuis aan na nek-operasie (A18—064 903 9993).
- Hanneke Swanepoel ondergaan komende week 'n keisersnee (A18—082 490 8184).
- Dit gaan nie goed met Fransa van Niekerk se gesondheid (C15—078 853 3986).
- Judy Trichard ondergaan die week 'n operasie (A17—083 278 1005).
- ***Meelewing*** word betuig met:
  - Stefaans van der Walt en familie na die afsterwe van Corlea wat gedurende die week begrawe is. Die troosdiens is Dinsdag, 20 Mei om 11:00 vanuit ons gemeente.
  - Stephan Oosthuysen na die afsterwe van sy vader.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Geluk



Anri Boshoff en Konrad de Lange en wat komende Saterdag in die huwelik bevestig word.

# Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Rev Maarten van Helden

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 794 2728.

## Diakonie-fondsinsameling

Knipmesse @ R100 elk

Goue en silwer lepels @ R50 elk

600g T-been steaks @ R100 elk

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219

## *Gereformeerde Kerk Burgersdorp*

Beroemde Dopperwors R110/kg

Maalvleis R100/kg

Plaas jou bestelling asb voor 19 Mei by

Gerda Henning 0827801556

Ds Gerrit Kruger sal bestellings 30 Mei in

Centurion lewer.




## Tieners:

Sondagaand 18 Mei, hou ons resies in die parkeerterrein, trek jou vinnige tekkies aan en kom deel in die pret!!








## Jag-vir-jou-Kerk



Die jagseisoen is oop!!

Ondersteun die Diakonie en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel diaken Kobus Joubert – 0798738219



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**18 Mei**

Pieter Wolmarans (sameroeper)

Bedienningskommissie + gades

**25 Mei**

Lucille Kotze (sameroeper)

Graad 10



***Merk asb u skenkings duidelik bv. Koningskinders, Eljada.... Dankie.***

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R525 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Julie 2025. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R899. Die inwoner is ook verantwoordelik vir die kraggebruik en munisipale heffings.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Navrae: Rina Venter (op terrein) 071 403 4143 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 26 Mei 2025**